




Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
 Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
 Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
 E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Wiskunde 2 – Graad 7

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt- of swart kokipen** te gebruik. (Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.) Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. (Sien voorbeeld 1 hieronder.) Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (Sien voorbeeld 2 hieronder.)

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	<input checked="" type="checkbox"/>	d
----	---	---	-------------------------------------	---

Voorbeeld 2:-

4.	a	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	d
----	---	-------------------------------------	-------------------------------------	---

<p><i>Nuttige wenk:- Wanneer jy getalsinne het wat verskillende bewerkings gebruik, pas die reël van HADVOA toe, wat die volgorde van bewerkings is:- Eerstens, bereken dit wat tussen Hakies is, dan Ander (vierkantwortels, mag van, ens.), dan Deel en Vermenigvuldig (van links na regs omdat hulle gelykstaande is), en dan laastens, Optel en Aftrek (ook van links na regs).</i></p> <p>Het jy geweet? Die vierkantwortel van 'n getal is 'n waarde wat met homself vermenigvuldig kan word om die oorspronklike (vierkant)getal te gee. Die vierkantwortel van 25 is 5, want as 5 met homself vermenigvuldig word, kry jy 25. dit is soos om te sê, "wat kan ek met homself vermenigvuldig om dit te kry?" Om dit te onthou, dink aan die wortel van 'n boom. "Ek ken die boom, maar wat is die wortel waarvandaan dit kom? In dié geval is die boom "25" en die wortel is "5". Dit kan dus geskryf word as $\sqrt{25} = 5$ en jy sê dit "die vierkantwortel van 25=5".</p> <p>As jy gevra word om $7\sqrt{36} = \dots$, uit te werk, werk jy eers die vierkantwortel van 36 uit en vermenigvuldig die vierkantwortel met 7.</p> <p>Die eksponent van 'n getal wys vir jou hoeveel keer jy die getal met homself moet vermenigvuldig. Dit word geskryf as 'n klein getal regs bo die grondtal, bv. 8^2 (agt tot die mag twee – 8 is die grondtal en die klein 2 is die eksponent). jy gebruik die grondtal twee keer, so $8^2 = 8 \times 8 = 64$.</p> <p>Om negatiewe getalle op te tel – tel hul eenvoudig bymekaar en hou die negatiewe teken vir jou antwoord, bv. $-3 + -5 = -8$.</p>	<p>7. Bereken die volgende en pas jou antwoord by die regte opsie:-</p> <p style="text-align: right;">$\frac{3^5}{3^2} = \dots\dots$</p> <p>(a) 5 (b) 8 (c) 3^5 (d) 3^3</p>
<p>1. Twee miljoen agthonderd ses-en-veertigduisend vyfhonderd twee-en-sewentig kan geskryf word as</p> <p>(a) 2 846 527 (b) 2 864 527 (c) 2 864 572 (d) 2 846 572</p>	<p>8. $44 + 25 \div 5 - 3 = \dots\dots$ (Pas die HADVOA reël toe.)</p> <p>(a) 48 (b) 10,8 (c) 46 (d) 34,5</p>
<p>2. Wat is 10 000 meer as 291 403?</p> <p>(a) 391 403 (b) 292 403 (c) 310 403 (d) 301 403</p>	<p>9. $-12 + -1 = \dots\dots$</p> <p>(a) +13 (b) 10 (c) -13 (d) -11</p>
<p>3. Wat is 100 minder as 100 009?</p> <p>(a) 99 099 (b) 99 090 (c) 99 909 (d) 99 990</p>	<p>10. Wat is sewentien eenhede regs van -6 op 'n getallelyn?</p> <p>(a) -23 (b) +11 (c) -11 (d) +23</p>
<p>4. $720 \div 20 = \dots\dots \times 3$</p> <p>(a) 12 (b) 24 (c) 36 (d) 360</p>	<p>11. $0 \times -9 = \dots\dots$</p> <p>(a) -9 (b) +9 (c) 0 (d) -0</p>
<p>5. Watter bewerking sal die waarde van enige nienul getal verander?</p> <p>(a) tel nul by (b) vermenigvuldig met nul (c) vermenigvuldig met een (d) deel met een</p>	<p>12. 30 sms'e in 15 uur = sms'e in 3 uur.</p> <p>(a) 5 (b) 10 (c) 15 (d) 6</p>
<p>6. $\sqrt{225} = \dots\dots$</p> <p>(a) 15 (b) 25 (c) 35 (d) 45</p>	<p>13. Die desimale getal 833,000 is dieselfde as</p> <p>(a) $8,33 \times 10^2$ (b) $8,33 \times 10^3$ (c) $8,33 \times 10^6$ (d) $8,33 \times 10^4$</p>
<p>17. Wat is die waarde van x ?</p> <p style="text-align: right;">$\frac{x}{12} + 8 = 10$</p> <p>(a) 8 (b) 24 (c) 72 (d) 126</p>	<p>14. As $A = 8, B = 17, C = 10, D = 6$ and $E = 5$, skryf die antwoord vir die som hieronder as 'n letter:- (Pas die HADVOA reël toe.)</p> <p style="text-align: center;">$B + D - A + C \div E = \dots\dots$</p> <p>(a) A (b) B (c) C (d) D</p>
<p>15. As $x = 100$, dan is $4\sqrt{x} = \dots\dots$</p> <p>(a) 20 (b) 40 (c) 100 (d) 200</p>	<p>16. As $x = 4$ en $y = 3$, dan is $xy - 2x = \dots\dots$</p> <p>(a) 4 (b) 6 (c) 19 (d) 12</p>